## 28 Februarie Genesis 6:10-22

### *Lewende beelde (2) - Die ark*

In vers 18 sê God dat Hy 'n verbond met Noag wil sluit, 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee partye waardeur hulle aan mekaar gebind word. Deel van hierdie verbond van God met Noag hou in dat Noag en sy gesin in die ark moet ingaan. God kies die ark as veilige vaartuig vir hulle wat deel het aan die verbond. God gaan die goddelose straf en voordat sy oordeel oor die wêreld kom, moet die regverdiges eers beskerm word - presies net soos met die bloed aan die deurkosyne in Egipte baie eeue later. So word Noag uitgekies en uitgered. Sedert daardie tyd het die goddeloosheid weer die oorhand gekry. Daarom gaan God weer met sy straf kom. Die enigste verskil is net - hierdie keer is dit die finale oordeel. En weer moet dié met wie Hy 'n verbond het, beskerm word. Daarvoor gee God 'n Nuwe Testamentiese ark, naamlik die kerk van Christus. Alle gelowiges moet eers hierin ingaan om gered te word voordat die oordeel kom. So bely ons dit wanneer ons sê dat daar buite die kerk geen saligheid is nie. So is die ark dan beeld van die kerk van ons Here Jesus Christus.

Sing: Psalm 145:1, 2 Ds. J.A. du Preez (Empangeni)